Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Nog klagtes oor skoolgeld

Die redakteur

Ek wil graag reageer op die brief in die Herald van 18 November "Kos in die magies of skoolgeld"… Ek sit met 'n soortgelyke probleem, ek is van Februarie 2010 'n enkelouer, my man het ons net so gelos. Hy het my verseker dat die skoolgeld uitgesorteer is en ek hoef my geensins daaroor te bekommer nie.

In Augustus vanjaar daag die balju egter by my woonstel op met 'n brief dat hulle my goed gaan opskryf en vat as ek nie Januarie tot Junie se skoolgeld betaal of instem tot 'n bedrag van R 1 000.00 per maand nie – iets wat ek glad nie kan doen nie aangesien ek skaars genoeg verdien om my huur en ander basiese verpligtinge n ate kom. Ek praat nie eers van kos en klere koop nie…

Dan is daar ook nog die probleem dat my jongste kind "ADHD" is volgens die dokters en volgens die skool medikasie (Ritalin) moet drink sodat dat die juffrou/ meneer darem 'n rustige dag kan hê - waar is daar nog geld oor vir dit ook, vra ek julle?

Ek ontvang glad nie onderhoud nie en as hy wel iets stuur dan is dit ook net genoeg om kos en klere te koop vir die twee seuns ouderdom 11jr en 8jr. Ek het al menigmaal vir die skool en die prokureurs verduidelik dat ek dit nie kan bekostig nie, maar hulle sien geen rede in nie.

Ek het hulle al my bankstate en salarisstrokies getoon maar steeds is daar nie genade nie. Hulle verstaan eenvoudig glad nie, solank hulle net die geld kry gee hulle glad nie om of die kinders kos het of nie. Soos die vorige skrywe is een van "waardes" omgee, maar duidelik gee hulle nie genoeg om om ouers en veral enkelouers se penarie te verstaan nie.

Hulle gee genoeg om, om letterlik elke 2de dag drie, vier briewe uit te stuur waarin daar vir geld gevra word maar as jy dit terugstuur word jou kind/kinders aangekyk asof hulle 'n aansteeklike siekte het. Ek is seker daar is baie ouers wat voel soos ek maar net te bang is dat hulle met die hof gedreig gaan word of dat hul kinders die skool belet gaan word.

Ek kan seker nog baie sê wat die skool en prokureur nie wil verstaan nie maar ek glo hierdie brief en die van die vorige week sal ons ouers laat besef dat ouers en kinders ook regte het - skoolgeld of nie!

Ouer wat Verstaan

Munisipale amptenare stel teleur

Die redakteur:

Het die amptenare wat by die munisipale swembad werk geen trots in hul werk nie? Dis verstommend om te dink dat die eens spoggerige swembadterrein tans so verwaarloos daar uitsien.

Daar is 'n riool-mangat wat reeds meer as elf maande oop is. Hierdie oop mangat van drie meter diep, is reeds twee derdes vol afval en rommel wat oor maande daarin ophoop.

Die aangrensende sypaadjie het 'n lekkende watermeter waar die gras voor die reën reeds 'n meter hoog groei, en die watermeter heeltemal verberg.

Onder een van die bome is van die afgelope naweek se leë drankbottels sigbaar. Die twee openbare fone werk soms wel.

Kan die opsigter nie tot by die sypaadjie sien om die oop mangat aan die betrokke munisipale departement te rapporteer, of die gevaarlike mangat self skoonmaak of beveilig nie?

Is dit die inwoners se plig om die burgermeester sy werk te leer? Die verantwoordelike persone in die munisipaliteit verwaarloos hul take liederlik en vermors so belastingbetalers se geld en stel ons erg teleur. Hoe lank sal Rustenburg nog sulke swak diens duld?

Kom ons gee julle een week kans om dit reg te maak, dan kyk ons weer. Die hele land kyk dalk dan saam!

Belastingbetaler

"Volmagie of skoolgeld"

Die Redakteur:

In reaksie op "volmagie of skoolgeld" se brief in die Rustenburg Herald van 19 November.

Beste Anoniem. Begin asseblief om verantwoordelik op te tree teenoor jou kind, die gemeenskap en teenoor jou skool!

Gr R is volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet nie verpligte onderrig nie. As jy dit nie kan bekostig om jou kind in Graad R te sit nie, hoekom hou jy hom nie by die huis nie? 'n Kind kan by die huis gestimuleer word om hom/haar skoolgereed te maak.

Waarom verwag jy dat ander ouers jou kind se skoolgelde moet subsidieer? Wat het van ouers se prioriteite geword? Skoolgeld is gewoonlik heel laaste op die lys van uitgawes. Daar is geld vir verskeie buitemuurse aktiwiteite maar vir die belangrikste uitgawe naamlik jou kind se opvoeding en opleiding, is daar nie geld nie.

Laastens wil ek weet in watter eeu leef ons dat Anoniem haar werk verloor omdat sy swanger is?

Betalende ouer.

Wys u gee om...

Die redakteur:

Rustenburg Child Support is 'n nie-winsgewende organisasie wat minderbevoorregte kinders en hul gesinne help. Met die vakansie wat voorlê is dit weer opruim en uitgooi-tyd.

As u enige skenkings het om te gee, laat weet ons asseblief en ons sal die items kom afhaal (Wilma – 072 295 1467). Items kan ook na die versamelpunt op die hoek van Heefer- en Benedenstraat (nr 49, Oos-Einde) gebring word.

Ons benodig alles van klere (baba tot senior burgers); speelgoed, kersversierings, linne, meubels – enigiets wat vir u nutteloos is, is nuttig vir baie ander. Daar is baie van ons mense wat u hulp nodig het. Help ons om hulle te help.

Child Support.

Dwelmsmouse skrik nie vir polisie

Die redakteur

Hoe blatant is dwelmverkopers in ons stad nie? Ek het onlangs twee keer toevallig daar gestop en gesien hoe dit werk…. Ek sal my hele salaris daarop verwed dat daar in Kockstraat onder in Ooseinde dwelms verkoop word – maar die polisie weet dit skynbaar nie,Of wil hulle dit nie weet nie?

Hoekom sal jong kinders op fietse of mense in motors so om hulle drentel? Hul verkoop sekerlik nie sigarette of koeldrank nie.

Eenkeer het 'n mooi swartkop-vrou met lang hare in haar oefenklere kwansuis langs die pad met haar trapfiets gestaan en nie te lank nie of die "menere" is daar om iets in haar hand te stop. 'n Ander keer weer het 'n blanke vrou en 'n man in 'n motor kastig 'n u-draai gemaak, en weer eens, nie te lank nie of die mans is weer daar om 'n pakkie in hul motor te gooi.

Die polisie was al daar maar hulle gee blykbaar nie veel om nie – die dwelmsmouse is na weke indien nie maande nie, steeds daar en dit staan hulle blykbaar vry om hul duiwelswerk in die openbaar voort te sit. Het dit nou maar die norm geword om horende doof en siende blind te wees?

Weet ons mense dan nie dat dwelms gesinne, individue maar veral kinders verwoes nie? Dit is nie 'n geheim dat kinders weinig weerstand teen dwelms het nie.

Hoe kan die owerhede so-iets in ons strate toelaat? En dan sien ons daagliks mense wat die dwelmsmouse sterk in hul kwaad deur hul duiwelse besigheid te ondersteun – ons eie mense – skaam julle! Wat het van ons land en ons stad geword?

Dwelmsmouse Floreer



'N LEKKENDE WATERMETER laat die gras 'n meter hoog groei en verberg die meter heeltemal. Inlas: Leë drankbottels van die naweek se gefuif.

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated.

Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.